# PEKANNEUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

SAPPA

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Die Vestiging van Pekanneute

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Aangesien pekanneute ’n besondere lang produksie lewe van ’n 100 jaar plus het, is dit noodsaaklik dat produsente genoeg tyd sal spandeer aan beplanning van nuwe aanplantings.

***„‘n Goed beplande, georganiseerde boord sal bewys meer doeltreffend te wees, minder insette vereis en ’n groter potensiële opbrengs bied.”***



# Aspekte Van Belang Met Die Vestiging Van Pekanneute

1. Klimaat
2. Grondtipe
3. Water
4. Boord ligging en topografie
5. Kultivar keuse



## Klimaat

Pekanneutbome is baie aanpasbaar, maar met die ideale klimaat kan maksimum produksie bereik word.

Pekanbome presteer die beste in  klimaatstreke wat ooreenstem met die klimaat van oorsprong in die VSA, en floreer in tipiese woestyn klimaatstreke met koue winters, met dag temperature wat wissel van 4°C tot 24°C en warm somers met temperature wat wissel van  32°C tot 49°C.



## Grondtipe

Pekanneute kan in ‘n verskeidenheid van grondtipes geproduseer word, maar studies toon die beste produksie en  wortelontwikkeling geskied in diep, vrugbare en goed gedreineerde gronde met ’n diepte van 1200mm – 1500mm met goeie waterhouvermoë.

Die ideale grondprofiel vir Pekanneut produksie is gronde met 'n sandleem tekstuur met onderliggende klei onderlaag om te verhoed dat grondvog te vinnig dreineer.



Wortelontwikkeling in vrugbare en goed gedreineerde gronde.



# Grond wat voor vestiging reggestel moet word.

- Grond met vlak watertafels.
- Grond met skerp begrensde grondlae.
- Grond wat onderlê is met Dorbanke of Kalkbanke.



- Grond met ‘n watertafel minder as 1800mm onder die grond oppervlak.



Die oorsaak van hoë watertafels moet vasgestel word, voordat die dreinering van ‘n stuk grond aangepak word.

Dreineringstelsels wat oorweeg kan word:


- Oop sugslote.
- Klipdreineringslote.
- Pypdreineringstelsels.



- Grond met skerp begrensde grondlae.
- Grond wat onderlê is met dorbanke of kalkbanke.
- **Hierdie grondprofiele beperk wortelontwikkeling en lae moet meganies opgehef word, voor vestiging van Pekanboord.**



- ‘n Skeurploeg is effektief om kalk of dorbanke op te breek.
- Afhangende van die grondstruktuur kan dit soms nodig wees om ‘n skeurploeg te gebruik met spesiaal ontwerpte pletterplate om grondprofiel beter te vermeng



Wanneer hierdie beperkings opgehef is kan maksimum ‘wortel ontwikkeling plaasvind vir maksimum produksie.

Gronde met skelp begrensde lae kan met behulp van ‘n meganiese graaf op die ry gedol word.



# Water

- Die waterbehoeftes van pekanneute sal van streek tot streek verskil.
- Vir maksimum produksie sal pekanneutbome genoegsame  goeie kwaliteit water benodig.
- Water behoefte varieër volgens streke van 80 000 tot 150 000 lt / boom /  jaar.
- Met ’n gemiddelde opbrengs van 20 kg neute / boom word 7500 liter water benodig om 1 kg neute te produseer.
- Voorsiening moet gemaak word met vestiging dat die besproeiingstelsel ontwerp is om aan die bome se maksimum waterbehoeftes te voldoen.



# Boord ligging en topografie

- Laag geleë boorde is aan ryp onderhewig en geneig tot koueskade.
- Boorde op hange met geleidelike val is ideaal om koue lug weg te lei.
- In hoë reënval gebiede soos Natal  kan laagliggende lande met beperkte lugvloei problematies wees.  Swam siektes soos skurfsiekte (scab) by pekanbome kan onder hierdie omstandighede gedy.
- Oppervlakwater binne boorde moet vinnig kan dreineer ná swaar reën of vloedbesproeiing. Staande water in ‘n  boord veroorsaak versuiptoestande wat pekanboomwortels van suurstof ontneem en terug laat vrek met beperkende produksie.



Kultivar Keuse En Effektiewe Bestuiwing By Pekanboorde.

- Kultivarkeuse  sal van streek tot streek verskil. Die RSA word ingedeel in twee hoofstreke nl. Oos en Wes.
- Kry ’n aanbeveling van SAPPA met ten minste drie kultivars waarvan die bestuiwing en blom mekaar vir jou streek komplimenteer.
- Die rigting van heersende winde gedurende stuifmeelstorting is van groot belang vir goeie bestuiwing.
- Verskillende kultivars word so geposisioneer binne die boord dat goeie bestuiwing verseker word.

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

SAPPA

# Fotografie, Grafiese Ontwerp en Redigering:

*Wollie Burger*

*Spesiale erkenning en dank aan Alvin Archer en Johan Coetzee vir tegniese raad.*

SAPPA